**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2013

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 28 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | ROMAN | (35) |
| AFDELING B | DRAMA | (35) |
| AFDELING C | KORTVERHALE | (35) |
| AFDELING D | GEDIGTE | (35) |

2. Beantwoord TWEE vrae: EEN uit ELK van die TWEE afdelings wat jou skool gekies het. (Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.)

3. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie.

   - Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy.
   - Merk die vraagnommers van die letterkundeteks wat jy in die klas behandel het.
   - Lees daarna slegs die vrae oor die boeke wat jy gedoen het.
   - Kies die tipe vraag wat jy wil doen.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling.

5. Voorgestelde tydsaanduiding: ongeveer 60 minute per afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INHOUDSOPGAWE

Kies die TWEE genres wat jy vanjaar behandel het.

Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A of B of C, maar beantwoord TWEE gedigte (17½ x 2) indien jy AFDELING D kies.

**AFDELING A: ROMAN**
Beantwoord ENIGE EEN van die volgende vrae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 1 | *Kringe in 'n Bos* | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 2 | *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 3 | *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 4 | *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 5 | *Meeulanders* | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 6 | *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**AFDELING B: DRAMA**
Beantwoord ENIGE EEN van die volgende vrae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 7 | *Poppie* – die drama | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 8 | *Poppie* – die drama | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 9 | *Paljas* | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 10 | *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**AFDELING C: KORTVERHALE**
Beantwoord ENIGE EEN van die volgende vrae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 11 | *Baby* | Opstelvraag | 35 punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 12 | *Agter 'n baard* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**AFDELING D: GEDIGTE**
Beantwoord ENIGE TWEE van die volgende gedigte:

| | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 13 | Woorde | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 14 | Die Hanswors | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 15 | Kontak | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| | **OF** | | |
| VRAAG 16 | Kabouterliefde | Kontekstuele vraag | 17½ punte |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING A: ROMAN

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Skryf ŉ opstel van 250 – 300 woorde waarin jy **die rolle** wat die volgende karakters in Saul se lewe gespeel het, bespreek. Beskryf ook hoe Saul gevoel het toe hy Oupoot dood aantref. Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot het.

- Kate MacDonald
- Oupoot
- Oupoot word dood aangetref **[35]**

**OF**

### VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN ŉ BOS – Dalene Matthee***

1. “Wat soek jý hier?”
2. “Vir jou.”
3. Die manier waarop Maska daar gestaan het, sy gesig, het die tyding vooruitgeloop.
4. “Is daar iets verkeerd?”
5. “Jou pa. Hy is nie meer op aarde nie.”
6. Die woorde het hulleself in sy kop herhaal voordat die werklikheid hom getref het.
7. Joram Barnard dood?
8. Die Bos sonder Joram Barnard?
9. Hy het die eienaardige gevoel gekry dat een van die groot kalanders in die Bos omgekap was en dat daar êrens ŉ groot oopte oorbly ...
10. Hy het teen Joram Barnard se hand gerebelleer, teen sy wil geskop en losgebreek en geweet dis met die krag van Joram Barnard wat in sý liggaam sit dat hy dit gedoen het, dat hy vrygekom het!
11. Uit Joram Barnard se hand het hy die Bos leer ken, ŉ skerm leer maak waaronder die kwaaiste winterreën jou lyf nie bykom nie.
12. “Pak vir hom vere soos ŉ eend! Ek wil nie ŉ sinkplaat sien uitsteek nie en gooi wal vir die water se wegloop!”
13. Onder Joram Barnard se hand is hy taai gebrei.
14. Tussen hom en sy pa was ŉ hek wat nooit wou oop nie.
15. Hulle moes met die hek tussen hulle leef omdat die een nie na die ander se kant wou oorklim nie.
16. Ten einde het hy omgedraai en weggestap; diep in sy hart het hy egter geglo dat hy eendag sou teruggaan en vir Joram Barnard gaan wys waarvoor hy omgedraai het.
17. Soms, wanneer sy gedagtes geloop het waar hulle wil, het hy hom voor sy pa sien staan, nie ŉ verlore seun wat berouvol teruggekom het nie, maar een wat kom sê: Hier is ek, Pa, kyk na my!
18. “Ek het geweet na al die jare lat jy hier is.
19. Die eerste winter het ek al geweet waarlat jou skerm is – ek sien jy het hom groter gemaak.
20. Amper nes ŉ huis.”
21. “Van die eerste winter af?” het hy verstom gevra.
22. “Ja. Jou pa het my gestuur om te kom kyk waar jy is en of dit reg gaan met jou.”
23. Dit was die laaste dat Saul Barnard gehuil het.
24. Hy het nie by die begrafnis gehuil nie. Daar het Jozef en Izak en Magdalena en oom Anneries gehuil.

(bl.193 – 194)

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.1 Wat het so baie vreemdelinge na die Bos gelok? (1)

2.2 Beantwoord die volgende vraag deur die korrekte antwoord te kies. Skryf slegs die vraagnommer en die letter A, B, C of D neer.

2.2.1 Watter soort verteller is dit wat die verhaal Kringe in 'n Bos vertel?

A Ek-verteller
B Alomteenwoordige verteller
C Interne verteller
D Eksterne verteller (1)

2.2.2 Patterson was van ...

A Amerika.
B Suid-Afrika.
C Australië.
D Suid-Amerika. (1)

2.3 "Toe elke pennie van my slaafloon by MacDonald aan júlle skuld afgetrek is." Verduidelik die betekenis van hierdie stelling. (2)

2.4 Wat het Kate eendag vir Saul gesê wat baie seergemaak het? (1)

2.5 Dit was vir Saul belangrik om vir die wêreld te wys wat uit die Bos kán kom, veral omdat Kate eendag iets oor die houtkappers gesê het. Verduidelik wat Saul wou bewys. (1)

2.6 Hoe het Saul oor die kalander gevoel wat afgekap word? (1)

2.7 Pas die beskrywings in KOLOM A by die karakters in KOLOM B. Skryf slegs die nommer (2.7.1 – 2.7.5) en die letter (A – F) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.7.1 | Oupoot geskiet | A | Barkley |
| 2.7.2 | Hartbroer | B | Peter Crompton |
| 2.7.3 | Apteker en goudkoper | C | Abraham Steyn |
| 2.7.4 | Saul se delwersvriend en hoteleienaar | D | Arend Botha |
| 2.7.5 | Leer Saul meubels maak | E | Stopforth |
| | | F | Maska |

(5)

2.8 2.8.1 Wie het vir Saul van Joram se dood vertel? (1)

2.8.2 Wat het die persoon in (antwoord VRAAG 2.8.1) vir Saul vertel wat hom hartseer gemaak het? (1)

2.9 By die begrafnis het die familie gehuil en Saul **nie**.

Waarom was dit die geval? (2)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.10 "Tussen Saul en sy pa was 'n hek wat nooit wou oopmaak nie."

2.10.1 Waarom word daar van 'n **toe hek** tussen Saul en sy pa gepraat? (1)

2.10.2 Watter les leer jy uit die verhouding tussen Saul en sy pa? (1)

2.11 Verduidelik kortliks waarom die houtkappers Saul as moordenaar gebrandmerk het nadat Arend dood is. (2)

2.12 Dink jy dit was goed vir Kate se reputasie om twee dae alleen saam met Saul in die Bos te vertoef? Motiveer jou antwoord. (2)

2.13 2.13.1 Teen die muur van Saul se skerm het ('n tekening van Oupoot/Patterson se pan) gehang. (1)

2.13.2 Voor die venster het gordyne wat (Kate se ma vir hom gemaak het/Jane Stewart se ma gemaak het) gehang. (1)

2.13.3 Watter boek, wat Kate vir Saul gegee het, was in sy boekrak? (1)

2.13.4 Kate vergelyk Saul met (Charles Deemas/Charles Dickens/ Charles Darwin). Kies die korrekte antwoord tussen hakies. (1)

2.14 Wat het Saul en Kate dié Sondag, toe hulle na die waterval wou gaan kyk, gesien **<u>en</u>** wat moes hulle doen? (2)

2.15 Waarom het Saul besluit om Oupoot self te gaan skiet? (1)

2.16 Verskaf EEN goeie rede waarom dit vir Saul **ironies** is om terug te loop in sy verlede. (1)

2.17 Verduidelik kortliks hoekom jy eendag as 'n Saul Barnard bekend wil wees en nie as 'n Alexander MacDonald nie. (2)

2.18 Die Roman *Kringe in 'n Bos* is vandag nog relevant in ons lewe. Lewer kommentaar om hierdie stelling te bewys. (2)
**[35]**

**OF**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 3: OPSTELVRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Hanna dink sy is nie soos ander tieners nie en glo sy is baie gelukkig om 'n vriendin soos Sharon te kon kry.

Skryf 'n OPSTEL van 250 – 300 woorde waarin jy die verskille tussen Hanna en Sharon bespreek.

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot het.

Verwys in jou opstel na:

- Hanna se "ongewone" gesin teenoor Sharon se "normale" gesin.
- Hanna se voorkoms en agtergrond teenoor dié van Sharon.
- Beide Hanna en Sharon se siening van die ideale gesin. **[35]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die onderstaande uittreksels sorgvuldig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1. "Maar sê nou jy't 'n sê gehad? Wat sou jy my genoem het?"
2. "Iets met 'n bietjie meer eksotiese klanke, my engel. Nie dat daar iets verkeerd is met Hanna nie, hoor," voeg hy verskonend by.
3. "Maar dis nie ..."
4. "Ek weet," sê ek. "Dis nie ..."
5. "Iets soos ... Fabienne," sê hy ingedagte. "Of Pascale ..."
6. *"Fabienne?"*
7. Ek staar 'n oomblik angstig na hom.

8. Met aaklige vermoede dat hy op die een of ander manier my skryfboek in die hande gekry het, al my stories gelees het, my hele verbeeldingswêreld ontdek het.
9. "Hou jy nie van Fabienne nie?"
10. Hy lyk so opreg verbaas, amper in die gesig gevat, dat ek besef die naam kom diep uit sy hart.
11. "Ek is mal oor Fabienne," verseker ek hom.
12. "Dis presies die naam wat ek vir myself sou gekies het."

13. "Wel dis nou bietjie laat vir 'n naamsverandering."
14. My ma vat vertroostend aan my arm.
15. "Vir my sal dit altyd my liefste ou Hanna Hoekom bly."

(bl. 169)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

> Dáár's nou 'n treffende banieropskrif.
> Die belowende jong skrywer Hanna Hoekom is gister saam met haar gesin en ander gaste gered van Bitterberg, waar hulle dae lank in 'n afgesonderde huis vasgekeer was deur die vloedreën wat die Wes-Kaap die afgelope week geteister het.
> Die skrywer se moeder, die begaafde kunstenares Mana Minnaar, het die vorige nag in dramatiese omstandighede geboorte geskenk aan 'n babadogter.
> Sy is bygestaan deur die aktrise Margot Jordan, wat 'n verpleegkundige was voordat sy in Hollywood roem verwerf het.
> Me. Minnaar se eggenoot, die akteur Beyers Theron, veral bekend vir die romantiese hoofrol in die TV-reeks Bloeiende Vergeetagtigheid, het ook gehelp met die geboorte.
> Dit was 'n uitgemergelde groepie, op die rand van hongersnood en wanhoop, wat gisteroggend daarin geslaag het om 'n verbygaande helikopter nader te lok.
> Die geselskap het verskeie ander bekende persoonlikhede ingesluit: me. Hoekom se vader, Gavin Taylor, 'n vooraanstaande mode-ontwerper van Johannesburg, me. Hoekom se vriendin, Sharon Bester, dogter van die gewese politieke aktivis Jonathan Bester, me. Hoekom se stiefbroer, Yann Theron, bekende ...
>
> (bl. 174)

4.1 Met wie praat Hanna in bogenoemde uittreksel? (1)

4.2 Noem TWEE dinge oor die verhouding tussen Hanna en (antwoord in VRAAG 4.1). (2)

4.3 Wat is Hanna se stiefpa se naam? (1)

4.4 Noem TWEE dinge wat jy van die verhouding tussen Hanna en haar stiefpa weet. (2)

4.5 4.5.1 Watter rol vertolk Fabienne in die verhaal? (1)

4.5.2 In die verhaal lees ons dat Fabienne 'n obsessie ontwikkel oor tande.

Wat dink jy is die rede waarom Fabienne begin om tande te teken? (2)

4.5.3 Wie het ook 'n obsessie met tande en waarom? (2)

4.6 Hoe verskil Hanna en Fabienne se gesinne ten opsigte van hulle blyplek en gesin? Dui die verskille in tabelvorm aan.

| | **Hanna** | **Fabienne** | |
|---|---|---|---|
| Blyplek | | | (2) |
| Gesin | | | (2) |

4.7 Pas die beskrywing van 'n karakter in KOLOM B by die naam van die karakter in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (4.7.1 – 4.7.5) en die letter (A – F) onder mekaar neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 4.7.1 | Beyers | A | Hanna se halfbroer |
| 4.7.2 | Amos | B | Hy hou van action man-poppe |
| 4.7.3 | Yann | C | Hanna se stiefbroer |
| 4.7.4 | Tibo | D | Vir hom is Hanna perfek en "fabulous" |
| 4.7.5 | Gavin | E | Sterk verantwoordelike persoon |
| | | F | Glo nie daaraan om "nice" te wees nie. |

(5)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.8 4.8.1 Kies die korrekte antwoord.

Daar is 'n (eksterne verteller/eerstepersoonsverteller) in die verhaal. (1)

4.8.2 Waarom gebruik die skrywer hierdie verteller (antwoord van VRAAG 4.8.1)? (2)

4.9 Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs (4.9.1 – 4.9.3) en die antwoord neer.

Daar word na (4.9.1 ...) verwys as die "blonde koningin". Sy drink slegs (4.9.2 ...) met 'n suurlemoenskyfie in. Sy (4.9.3 ...) ook gereeld, al reën dit op die berg. (3)

4.10 Kies die VERKEERDE antwoord. Skryf slegs A, B, C of D.

4.10.1 Mana se tweede huwelik het die volgende gevolge vir Hanna gehad:

A Sy het nuwe boeties gekry.
B Sy het na 'n nuwe skool gegaan.
C Sy het na 'n nuwe huis getrek waarvan sy nie gehou het nie.
D Hulle het na 'n nuwe huis getrek. (1)

4.10.2 Hanna noem die plek waar hulle vakansie hou Bitterberg in plaas van Botterberg omdat ...

A dit daar baie koud is.
B dit 'n slegte vakansie is.
C die water bitter smaak daar.
D sy die vakansie begin geniet. (1)

4.11 In die roman verwys Hanna dikwels na haar onderwyseres, juffrou Liebenberg. Watter rol, dink jy, kan 'n onderwyseres soos juffrou Liebenberg speel om 'n leerling lief te maak vir skryf? Noem TWEE dinge. (2)

4.12 Waarom dink jy voel Hanna dat sy 'n groot teleurstelling vir haar biologiese pa was? (1)

4.13 Kies die tipe **beeldspraak** in die volgende stelling uit die lys tussen hakies: (metafoor/vergelyking/personifikasie)

"Amos, oorstelp, stamp vir Tibo uit die pad en slaan sy arms soos kettings om sy ma se lyf." (1)

4.14 Wat is die tema van die verhaal? (1)

4.15 Sê waarom jy dink dat Hanna voel dat haar ouers (Gavin en Mana), vir haar 'n teleurstelling is. Motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

**OF**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG

### *MEEULANDERS* – Esta Steyn

In die roman is verskillende karakters elkeen besig om die een of ander traumatiese gebeurtenis in hulle lewens te verwerk.

Skryf 'n OPSTEL van 250 – 300 woorde waarin jy die innerlike stryd op soek na geluk/heling/vervulling van elkeen van die volgende karakters bespreek.

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

- Elsabet Langhans/Blanckenberg
- Skalla/Schalk Blanckenberg
- Doreen Bindeman **[35]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MEEULANDERS* – Esta Steyn

1. "Hoekom is die eiland Meeuland?" vra Ryna vir Jannerik terwyl sy die swartstoof afskrop.
2. Hy het die planke van die vensters afgehaal en helder middagson skyn binnetoe.
3. Hy staan op 'n trapleer om die muur af te was. ..... (bl. 34)

4. "Is Kinnie dan nie hier nie? Die fabriek is mos vandag toe?"
5. "Sy is af dorp toe vir groceries. Sy's wanneer al weg. Ek weet nie hoe dit deesdae met haar is nie. Daar's 'n stilte oor haar. Nes 'n sluier."
6. Ousanna gaan sit.
7. "En hoe gaan dit met Reginald?"
8. "Hy wil dat ons die vakansie opry Suidwes toe, agter 'n lorrie aan wat hy wil koop. Ek kom juis sê ons ry Vrydag wanneer die skool sluit."
9. Ousanna kyk haar meteens so reguit aan dat dit vir haar voel asof die vrou haar kan sien.
10. "Jy was by die begrafnis?"
11. "Ja, ant Ousanna. Die kerk was stampvol."
12. Ousanna se oë kyk ver uit oor die see: "Fred Blanckenberg was nie die maklikste man nie."
13. "Party mense sê Sheila was partykeer baie depressief.
14. Veral ná die ongeluk."
15. "Sheila, goeie Sheila ... ja," sug die ou vrou en prewel dan soos een wat beelde voor haar geestesoog oproep, "daar is baie raaisels, maar ons kyk vas in spieëls. 'n Pyl het haar binneste deurboor.
16. Ek sê jou, 'n pyl.
17. Die pyl wat nog baie mense gaan seermaak.
18. Mog haar siel salig rus."
19. Doreen kyk haar vraend aan. (bl. 41)

20. Ousanna, siener, het die tyding saam met 'n kind strandlangs gestuur tot by Matthys Langhans se seegrasspan.
21. Matthys het die boodskap vir Hansie gegee en Hansie het Meeuland toe geroep en met Elsabet gepraat.
22. Dit was slegte nuus vir Jannerik: sy dogter, Kinnie, is aan maaggriep oorlede.
23. Hy moes wal toe. (bl. 45)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.1 Waar speel die toneel in reël 1 van bogenoemde uittreksel af? (1)

6.2 Verduidelik waarom Elsabet dit deesdae nie meer op die plek (antwoord van VRAAG 6.1) kan verdra nie. (1)

6.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs A, B, C of D.

Wie se graffie is op hierdie eiland?

A Ryna en Jacob se baba
B Jacob en Elsabet se baba
C Fred en Elsabet se baba
D Skalla en Ryna se baba (1)

6.4 Ryna se ou lewe in Kaapstad het drasties van haar lewe op die eiland verskil. Vergelyk haar lewe op die eiland met haar ou lewe. (3)

6.5 Pas die name in KOLOM B by dié in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (6.5.1 – 6.5.5) en die letter (A – F) onder mekaar neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.5.1 | Kinnie | A | Doreen |
| 6.5.2 | Elsabet | B | Voëlvrou |
| 6.5.3 | Pikkie-Dikkie | C | Geelbek |
| 6.5.4 | Ryna | D | Flip-Flap |
| 6.5.5 | Hansie | E | Veronica |
| | | F | Twilight |

(5)

6.6 Wat is Ryna se burgerbandradionaam? (1)

6.7 "*Ons het woordeloos na mekaar gekyk. Jacob, Jannerik en ek. En die een het geweet wat die ander een dink. Ons het kontrak geteken sonder pen of papier.*"

6.7.1 Wie is die "ek" na wie daar in die aanhaling verwys word? (1)

6.7.2 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n kontrak is. (1)

6.7.3 Verduidelik watter "kontrak geteken is sonder pen of papier." (1)

6.7.4 Kies die woorde wat sê hulle het dit gedoen **voordat dit oggend geword het.**

A voor die son ondergaan
B voor die dag gebreek het
C voor die maan opkom (1)

6.8 Wat is die belangrikste verskil tussen die twee broers, Fred en Skalla Blanckenberg? (1)

6.9 Is daar ooreenkomste tussen die twee broers? Motiveer jou antwoord. (2)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.10 Elsabet se ongelukkige lewe was haar eie skuld omdat sy verkeerde keuses gemaak het.

6.10.1 Stem jy saam met die stelling? Verduidelik die rede vir jou antwoord. (2)

6.10.2 Na Elsabet se dood het Jacob en Fred vir die eerste keer oor een ding saamgestem. Wat was dit? (1)

6.11 Voltooi die volgende paragraaf deur die oop spasies in te vul. Skryf slegs die nommers en antwoorde neer (6.11.1 – 6.11.6).

| |
|---|
| (6.11.1 ...) het saam met haar speelgoedpikkewyn op die jettie gewag. Sy het vir (6.11.2 ...) gewag. Hulle het die brom van 'n motorenjin gehoor en Jacob het dadelik geweet dis (6.11.3 ...). Hy het sy (6.11.4 ...) gegryp en vir Daniel geroep om saam te kom. Daar is skote oor en weer geskiet en Jacob kon sien dis (6.11.5 ...) wat in die bootjie was. In die deurmekaarspul is (6.11.6 ...) raakgeskiet. (6 x ½) |

(3)

6.12 Kies elke keer die regte woord tussen hakies. Skryf net die korrekte antwoord neer.

6.12.1 Hy het sy eie visfabriek. (Skalla/Mathys/Reggie) (1)

6.12.2 Hy help vir Fred met sy verkiesingsveldtog. (Skalla/Attie/Reggie) (1)

6.12.3 Die patrollieboot se naam is ... (Sterretjie/Meeuw/Sheila's Song) (1)

6.13 Wat is die nuwe skoolhoof se naam? (1)

6.14 6.14.1 Verduidelik wat tussen Doreen en Jason op haar verjaarsdag gebeur het. (2)

6.14.2 Verduidelik hoe die gebeurtenis op Doreen se verjaarsdag haar huwelik beïnvloed het. (1)

6.15 Dink jy Reggie sou nie so kwaad gewees het as dit 'n persoon sonder akademiese opleiding was nie? Motiveer jou antwoord. (2)

6.16 Op watter manier het Doreen die volgende drie jaar heling gevind? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING B: DRAMA

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Skryf 'n OPSTEL van 250 – 300 woorde waarin jy bespreek hoe Poppie as moederfiguur haar kinders se belange bo haar eie gestel het. **[35]**

**OF**

### VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | OU MAN. | Poppie is klaar vyftien en haar lyf is vol. (*Praat direk met Mama*) |
| 2. | MAMA. | Poppie ... jy moet begin dink aan trou. |
| 3. | POPPIE. | Wil Mama hê ek moet ja sê vir hierdie ou manne wat kom vra my? Ga ... ek soek nie die ou manne nie! (*Aan gehoor.*) Maar toe ontmoet ek nou hierdie man van my met wie ek toe mee getroud is. (*Stone beweeg nader na Poppie.*) Ek het regtig nie eers van hom gehou nie, want hy het van Herschel, in die Ciskei gekom, hy het vir sy oudste boetie, Witbooi, kom kuier en nou kry hy werk in die fabriek as boilerman. Ek sien hom in die fabriek, maar ek het nooit met hom gepraat nie. |
| 4. | MOSIE. | Stap saam met ons na bhuti Witbooi se huis toe, Poppie. Sy jonger boetie kuier by hom. |
| 5. | HOEDJIE. | Sy naam is Stone, maar hulle sê sommer vir hom ou Klip. |
| 6. | PLANK. | Hulle sê hy't klaar 'n ogie op jou ... |
| 7. | POPPIE. | Ek is nie lus nie. Ek is nie gewoond aan mense wat van die land af kom nie. (*Aan gehoor.*) Maar toe begin hy briefies aan my skrywe, so skelm-skelm. Ek was toe sestien. |
| 8. | STONE. | Dear Poppie ... Nee, dear darling, dit gaan goed met my, ek hoop dit gaan goed met jou. Hoekom het jy nie gister uitgekom nie? Ek het gewag tot sesuur by die pad, van halfdrie af. Ek het nou so gewag en ek is nou kwaad. Sal jy nou anderweek en Sondag kom? Stone.(bl.20 – 21) |

8.1 Wat beteken "haar lyf is vol"? (1)

8.2 Waaraan moes Poppie begin dink volgens Mama? (1)

8.3 Gee TWEE redes waarom Poppie op Stone verlief geraak het. (2)

Downloaded from eduresourceza.com
eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.4 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B om by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (8.4.1 – 8.4.3) en die letter (A – E) onder mekaar neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.4.1 | Poppie het dit by haar skoonfamilie geleer | A | Ma Lena |
| 8.4.2 | Meisie uit die geslag van groot vroue | B | Ouma Hannie |
| 8.4.3 | Poppie pas ... se kinders op | C | om suurpap te maak |
| | | D | Poppie |
| | | E | om kerk toe te gaan |

(3)

8.5 Waar het Poppie saam met haar ma in die visfabriek gaan werk? (1)

8.6 Wat sou Poppie as kind graag wou doen as sy 'n keuse gehad het? (1)

8.7 8.7.1 Watter beeldspraak kom in die volgende aanhaling voor:

"*Daar's 'n hoë boom. Die boom buig af en kom af na my, die takke van die boom en sê vir my: jou tyd is nie meer ver nie.*"

Skryf slegs A, B of C.

A Metafoor
B Vergelyking
C Personifikasie (1)

8.7.2 Poppie se eerste baba het van ... gesterf. (Skryf slegs A, B of C.)

A masels
B kinkhoes
C Isibetho (1)

8.7.3 Bonsile beteken iets ... (Skryf slegs A, B of C.)

A het reggekom.
B gaan gebeur.
C gaan weg. (1)

8.8 Sê of die volgende WAAR of VALS is.

8.8.1 Mosie was tevrede om Lambertsbaai te verlaat. (1)

8.8.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 8.8.1 deur TWEE redes te verskaf. (2)

8.9 Dink jy Stone het skoolgegaan? Motiveer jou antwoord. (2)

8.10 Poppie noem Stone na hulle troue Bhuti-ka-nombi volgens die Xhosa-tradisie.

Watter rede word gegee waarom hierdie Xhosa-tradisie so belangrik is? (2)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.11 Lewer kommentaar oor die Afrikaans wat in *Poppie Die Drama* gebruik word. (2)

8.12 Die nuwe wet het bepaal dat vrouens moes ... dra. (1)

8.13 Hoe sou jy op hierdie wet in VRAAG 8.12 reageer? Lewer kommentaar. (2)

8.14 Mnr. Strydom bring vir Poppie slegte nuus. Watter gevolge het hierdie nuus gehad **EN** watter TWEE voorwaardes stel Poppie aan mnr. Strydom as sy moes weggaan? (3)

8.15 Hoe kon Poppie keer dat hulle haar wegstuur? (1)

8.16 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs 8.16.1 – 8.16.3 en die antwoord neer.

| |
|---|
| Bonsile sou teruggaan na 8.16.1 (Mdantsane/Lambertsbaai) om daar skool te gaan. Die meisiekinders sou na hulle 8.16.2 (ma/skoonfamilie) gaan. Kindjie en Vezi sou by 8.16.3 (Mosie/Pengi) gaan bly. |

(3)

8.17 Waarom was Poppie nie bekommerd dat sy nie 'n pas het nie? (1)

8.18 Kies die korrekte ***stylfiguur*** wat Poppie gebruik as sy sê:

*"Het Bhuti nog nie by die kantoor gaan vra wie't my vertel van Mdantsane nie?"*

Skryf slegs A, B of C.

A Herhaling
B Sarkasme
C Ironie (1)

8.19 Wat is Poppie se emosies as sy sê:

*"Ek kan nie die wet met my hande breek nie."* (1)

8.20 Wat is jou opinie oor mense wat gedwing word om hulle blyplek te verlaat? (1)
**[35]**

**OF**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 9: OPSTELVRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

Bespreek die gebeure **voor, tydens** en **na** die Volstruisdans en hoe hierdie gebeure die hele gemeenskap bymekaargebring het. **[35]**

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

### *PALJAS – Chris Barnard*

Lees die onderstaande uittreksels uit die drama *Paljas* en beantwoord die vrae wat op elk gebaseer is.

Katrien en Emma in Katrien se slaapkamer voor die spieëlkas. Emma sit vir haar ma in die spieël en kyk en Katrien is besig om Emma se hare te vleg.

| | |
|---|---|
| EMMA: | Ma stry verniet. |
| KATRIEN: | Wat? |
| EMMA: | Ek het oë in my kop. Ma loop met goed rond waaroor Ma nie praat nie. |
| KATRIEN: | (*vinnig*) : Ag, ons almal seker maar. |
| EMMA: | As Ma kon oor kies, sou ma weer trou? |
| KATRIEN: | (*verbaas*): Hoekom vra jy dit? |
| EMMA: | Oor ek wil weet. |
| KATRIEN: | Ek het nog nooit daaroor gedink nie. (*'n Gespanne laggie.*) Kragtie, Emma, watse praatjies is dit? |
| EMMA: | Ek gaan nooit trou nie. |
| KATRIEN: | Hoekom nie? (*Emma antwoord nie.*) Emma? (*Emma sit net voor haar en kyk, sonder om iets in die spieël raak te sien.*) Jy's nog jonk, my kind. Jy's heeltemal te jonk en te mooi om nou al te moet bang wees. |
| EMMA: | Ma was ook jonk. Ma was ook mooi. (*Na 'n ruk.*) Ma is nóg mooi. (Na *nóg 'n ruk.*) Ek hou niks van oom Frans nie. |
| | Katrien kyk op. Hulle oë ontmoet in die spieël. Hulle kyk 'n hele rukkie vir mekaar. |
| KATRIEN: | Hy is baie goed vir ons. |
| EMMA: | Pa hou ook nie van hom nie. |
| | Katrien begin weer vleg. (bl. 14 en 15) |

10.1 Was Katrien en Hendrik se huwelik aan die begin van die storie gelukkig? Motiveer jou antwoord. (2)

10.2 Wat doen Frans wat ons die indruk gee dat hy in Katrien as vrou belangstel? (1)

10.3 Verduidelik wat Emma se woorde beteken: *"Ek het oë in my kop. Ma loop met goed rond waaroor Ma nie praat nie."* (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

10.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs A, B of C.

10.4.1 Kies die stylfiguur wat hier gebruik word.

"*Ma was ook mooi, Ma is nog mooi.*"

A Herhaling
B Sarkasme
C Ironie (1)

10.4.2 Nadat Manuel geskiet is, is die gesin verder deur die dorpenaars geteiken.

Kies die stelling wat NIE PAS NIE.

A Jan Mol skiet teiken na Manuel se klere.
B Hendrik se motor se bande word afgeblaas.
C Willem se kamervenster word stukkend gegooi. (1)

10.4.3 As Manuel sê die McDonald-gesin was goed vir hom, verwys hy na hoe hulle ...

A vir sy geverfde gesig gelag het.
B sy sirkusvertoning ondersteun het.
C hom verpleeg het na hy geskiet is. (1)

10.5 Wat word een oggend vroeg deur die gebrul van ŉ leeu aangekondig? (1)

10.6 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling:

10.6.1 Die sirkusmense was op ŉ ander trein. (1)

10.6.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 10.6.1. (1)

10.7 Dink jy die sirkusmense respekteer Hendrik as stasiemeester? Motiveer jou antwoord. (2)

10.8 Die sirkusgeselskap moes op (Oudtshoorn/Uniondale) gaan optree. (1)

10.9 Noem TWEE feite in verband met die nar en Willem tydens hulle eerste ontmoeting. (2)

10.10 Hoe vind die nar uit wat Willem se naam is? (1)

10.11 Noem TWEE eienskappe van Manuel wat daartoe bydra dat Willem weer begin praat. (2)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from Stanmorephysics.com

Downloaded from eduresourceza.com

10.12 10.12.1 Waarheen het Willem gegaan toe sy ouers by die motor langs die pad rusie gemaak het? (1)

10.12.2 Watter uitwerking het hulle struweling op Willem gehad? (2)

10.12.3 Wat het Manuel voorgestel wat hulle moet doen toe hy Willem in hierdie toestand sien? (1)

10.12.4 Dink jy Willem se verandering in die drama is geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (2)

10.13 Pas die woorde in KOLOM B by die stelling in KOLOM A. Skryf die nommers (10.13.1 – 10.13.3) onder mekaar neer en slegs A – E.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 10.13.1 | die woorde van karakters | A | hoofkarakter |
| 10.13.2 | plek waar die verhaal afspeel | B | tema |
| 10.13.3 | idee of boodskap van die drama | C | dialoog |
| | | D | teenstander |
| | | E | ruimte |

(3)

10.14 Watter positiewe eienskap van Hendrik het jou die meeste beïndruk? Waarom sê jy so? (2)

10.15 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (10.15.1 – 10.15.4) neer.

| **kombuis, slaapkamer, eetkamer, hingsel, knoop, narrepak, sirkus** |
|---|

Die hele gesin en Manuel is in die (10.15.1...). Hendrik maak Manuel se leersak se (10.15.2 ...) reg. Katrien maak sy (10.15.3 ...) heel, want hy verlang terug (10.15.4 ...) toe. (4)

10.16 Manuel se paljas het Willem se tong weer "losgeknoop". Dink jy dat Willem se paljas vir Manuel gehelp het? Motiveer. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING C: KORTVERHALE**

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

**VRAAG 11: OPSTELVRAAG**

***STORIEJOERNAAL***

***BABY – E K M Dido***

Baby en oom Attie het onverwags in die dorpie, Nqamakwe, opgedaag omdat hulle motor onklaar geraak (gebreek) het. Hulle het blyplek tot die volgende dag nodig gehad.

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300) woorde waarin jy vertel hoe Nooi (verteller) Baby aan die begin gesien het en wat sy toe later alles omtrent Baby uitvind. Jou opstel moet 'n inleiding en slot hê.

- Baby en oom Attie se aankoms in Nqamakwe
- Hoe Nooi (die verteller) Baby aan die begin gesien het
- Hoe Nooi later met ander oë na Baby kyk
- Hoe die sersant agtergekom het wat die waarheid was en hoe Baby van oom Attie bevry word **[35]**

**OF**

**VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**

***STORIEJOERNAAL***

***Agter 'n baard* – Hennie Auckamp**

Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord die daaropvolgende vrae.

| |
|---|
| "Natuurlik," gee sy gretig toe, en reik op na hom – haar buik warm teen sy uniform. Hy kyk weer na die seuntjie; streel jaloers oor die blonde hare wat byna elektries gloei in 'n streep sonlig. "Dit is die eerste ding wat ek gaan doen, "sê hy met die nadruklikheid van een wat teenstand verwag, "is om my hare te laat uitgroei." "Ja, ja, "sê Marina, "en jou baard af te skeer." |
| Hulle beweeg saam met talle mense na die uitgang, maar stadig, want die hele stad is daar om die manne van die grens af te verwelkom. Die luidsprekers hou vol, oor en oor: "Ons vir jou Suid-Afrika." |
| Marina besef dat hulle nog net oor sy baard gepraat het. |
| "En verder gesond? vra sy. |
| "Dit leef, dit leef," sê hy neutraal, en dan met groot hartstog: "Ek is by jóú, Marina. En by Bennie." Hy steek sy hand uit na die seuntjie, maar Bennie deins terug; klou wantrouig aan sy ma se rok. |
| "Nee, Benneman," betig Marina hom, "jy smeer my rok vuil, jong." |
| "Hoe gaan dit met die nuwe een?" Deon fluister by haar oor, sommer uit lus om haar hare te ruik en sy asem oor haar nek te blaas sodat sy – gepla, maar tóg geprikkel – kan beswaar maak: Ag nee, man, daar's tyd vir alles." (bl. 2) |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12.1 Waarvandaan het Deon teruggekom? (1)

12.2 Met watter tipe vervoer het Deon daar aangekom?

Kies die korrekte antwoord.

A Boot
B Bus
C Trein
D Taxi (1)

12.3 Sê in jou eie woorde wat die verteller met die bewering dat Marina **groter simboolwaarde** as die ander het, bedoel? (2)

12.4 12.4.1 Watter EEN van die stellings beskryf hoe Marina oor Deon se baard voel?

A Sy is jaloers op sy baard
B Sy wil hê hy moet sy baard behou
C Dit lyk vir haar slordig (1)

12.4.2 Marina sê verwytend: "Ek herken jou skaars."

Verduidelik hierdie woorde van Marina. (1)

12.4.3 Waarom is dit ironies dat Deon nou vir Marina soos 'n nar lyk? (3)

12.4.4 Tot watter besef kom Marina toe hulle op pad na die uitgang van die stasie is? (1)

12.5 Kies uit KOLOM B die emosie wat by die aanhalings in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (12.5.1 – 12.5.4) en die LETTER (A – E) van die antwoord wat jy kies neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 12.5.1 | "... Bennie deins terug" | A | irritasie |
| 12.5.2 | "Nee Benneman, betig Marina hom." | B | oorgawe |
| 12.5.3 | "Deon wens hy kan terugsit..." | C | wantrou |
| 12.5.4 | "Deon hou sy hand uit vir die sleutel." | D | verlang |
| | | E | vertrou |

(4)

12.6 Wat bedoel Deon met sy woorde: "Ag ... in die bos, weet jy?" (2)

12.7 12.7.1 Wat het Bennie gedoen om te bewys dat hy gewoond raak aan Deon se teenwoordigheid? (1)

12.7.2 Wat veroorsaak die bewing in Deon se stem toe hy sê hy gee nie om dat Bennie aan hom vat nie? (1)

12.7.3 Wat bedoel Deon eintlik as hy vir Marina sê: *"Laat hom vat, Marina, en jy ook. As jy weet hoe ek hierna uitgesien het: dat julle aan my vat – en ek aan julle."* (1)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12.8 Kies die korrekte antwoord.

Deon se gunsteling dis is ...

A hoenderkerrie.
B boontjiebredie.
C skaapboud.
D gebraaide hoender. (1)

12.9 Waarom sou Marina verkies dat Bennie nie van Deon se stories hoor nie? (1)

12.10 Vanuit watter EEN van hierdie karakters se perspektief word hierdie verhaal vertel? (Deon/Marina/Bennie) (1)

12.11 Wat beteken die volgende: *Marina hoop dat die "reiniging" volkome gaan wees.* (1)

12.12 Dink jy Marina is regverdig om van Deon te verwag om dadelik sy baard af te skeer? Motiveer jou antwoord. (2)

12.13 Watter TWEE dinge gebeur **tydens** en **na** ete wat bewys dat die oorlog steeds 'n belangrike invloed op Deon se reaksies het? (2)

12.14 Wat was Deon se reaksie oor die berig wat hy in die vorige aand se koerant gelees het? Dink jy dit is normaal aangesien hy veilig by sy familie is? (2)

12.15 Watter soort **beeldspraak** kom hier voor? Kies antwoorde uit die volgende woorde tussen hakies om jou antwoord te staaf. (vergelyking/personifikasie/metafoor)

12.15.1 Die hele stad is daar om die manne te verwelkom. (1)

12.15.2 Marina het alikruikblou oë. (1)

12.15.3 Deon hou sy seun soos 'n trofee in die lug. (1)

12.16 Kies die korrekte antwoord.

Marina verwys na Deon se (mond/ken/neus) as sy sê dat dit nie misvorm is nie. (1)

12.17 Dink jy hierdie verhaal het 'n gelukkige einde? Motiveer jou antwoord. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING D: GEDIGTE

**BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE UIT VERSJOERNAAL.**

### VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Woorde** **Vincent Oliphant**

my woorde het nie die krag
om bose magte tot ŉ val te bring nie
my woorde kan bloot sing

my woorde is nie ŉ dak
om onder te skuil nie
my woorde is swak

my woorde kan nie keer
dat ons die kromme note haal nie
my woorde is kaal

glo tog
my woorde het nie die byt
van koeëls en grofgeskut nie
nee
my woorde kan bloot bid
en pleit
en wens
medeburgers van die lewe
dat ons van grense sal vergeet
en bloot mens sal wees
en medemens

[Uit: *Die sagte vlees*, 1998]

13.1 Wat word ŉ strofe van drie reëls genoem? (½)

13.2 Waarteen is die spreker se woorde magteloos, volgens strofe 1? (1)

13.3 Wat doen iemand as hy/sy iets of iemand tot ŉ val bring? (1)

13.4 Gee ŉ voorbeeld van iemand wie se woorde ŉ bose mag tot ŉ val sal kan bring. (1)

13.5 Kies die korrekte antwoord.

Het die woord “dak” in strofe 2 ŉ letterlike of figuurlike betekenis? (1)

13.6 As die spreker gesê het ***sy woorde is nie soos ŉ dak nie***, was dit ŉ (13.6.1 metafoor/vergelyking), maar hy sê ***dit is nie ŉ dak*** nie; daarom is dit ŉ (13.6.2 metafoor/vergelyking). (2)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

13.7 Wat is die funksie van die titel van die gedig? (2)

13.8 Kies uit KOLOM B die antwoord wat die stelling in KOLOM A die beste beskryf. Skryf slegs die vraagnommer 13.8.1 – 13.8.3 en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 13.8.1 | Medeburgers in die gedig verwys na ... | A | pleit |
| 13.8.2 | Sy woorde kan dit doen. | B | wond/seermaak |
| 13.8.3 | Sy woorde kan dit nie doen nie. | C | landgenote |
| | | D | bose magte |

(3)

13.9 Wat wil die spreker vir ons in strofe 1 sê as hy sê: *"my woorde kan bloot sing"?* (1)

13.10 13.10.1 Wat is die ooreenkoms tussen reëls 1, 3, 4, 6, 7, 9, 11 en 14? (1)

13.10.2 Wat is die funksie van hierdie tegniek in VRAAG 13.10.1? (1)

13.11 Watter karaktereienskap van die spreker beskryf versreël 11 as die spreker sê "*my woorde het nie die byt nie*"? (1)

13.12 Die digter rig 'n versoek aan medeburgers in reël 17 en 18.

Wat is hierdie versoek? (2)

**[17½]**

**OF**

eeduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 14 KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Die Hanswors** **S.J. Pretorius**

Oor sy afsigtelike boggel
en kromheid, het hul hom gekoggel,
en bitterder was hul venyn
as sy vergroeide ruggraatpyn.

Tussen die diere in die hoek
het hy die eensaamheid gesoek:
"Met klere wat gedurig gaar is,
Wat doen die vent met sy salaris?"

Hy't maandeliks by die poskantoor
'n brief gepos of een gelees
by die dierkratte, oor en oor:
"Sou daar tog êrens iemand wees?"

En daardie ewige reuk en drank:
nie een sou huil as hy bedank,
maar waar hy in die sirkustent
aapagtig teen die firmament,
hoog teen die takelwerk, kon klouter,
die dood uittart, en, klein kabouter,
sy duiwelstreke uithaal onder
dat almal skater vir die wonder,
is hy, hoeseer verag, verlate,
nog deur die baas beskou as bate.

Toe het 'n brief gekom eendag …
Hy't oor die bed gebuk, verblind,
terwyl 'n boggelvroutjie, sag,
sterwend fluister: "Dankie my kind ..."

Uit: *Album* 60, 1976

[Uit: *Poort,* 1983]

14.1 Gee 'n woord met min of meer dieselfde betekenis vir "hanswors." (½)

14.2 14.2.1 Die hanswors se (kollegas/die toeskouers) het hom geterg. (1)

14.2.2 Watter woord in die eerste strofe dui aan dat sy medewerkers se geterg hom seer gemaak het? (1)

14.2.3 Dink jy die hanswors steek sy emosies agter 'n masker weg? Motiveer jou antwoord. (1)

14.3 Verduidelik die ironie in die gedig. (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


14.4 Waarom dink jy behoort die hanswors beter te lyk? (1)

Kies die korrekte antwoord.

14.5 Die tema wat in die gedig uitgebeeld word, is die (14.5.1 lyding/geluk) van ongelukkige en gebreklike mense as gevolg van die (14.5.2 vriendelikheid/ onmenslikheid) van die samelewing. (2)

14.6 Wie is aan die woord in reëls 7 en 8? (1)

14.7 Na aanleiding van reël 26, wat dink jy het die hanswors met sy geld gemaak? (1)

14.8 Die geheime van die hanswors word in die laaste strofe geopenbaar. Dit is 'n oplossing (ontknoping) van die verhaal binne die gedig.

Bespreek hierdie stelling. (2)

14.9 Kies uit KOLOM B die antwoord wat die stelling in KOLOM A die beste beskryf. Skryf slegs die vraagnommer 14.9.1 – 14.9.3 en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 14.9.1 | Die hanswors het baie gehuil. | A | duiwelstreke |
| 14.9.2 | Die sirkusbaas het hom nie afgedank nie omdat hy 'n ... was. | B | kollegas |
| 14.9.3 | kattekwaad aanvang/truuks doen | C | verblind |
| | | D | bate |

(3)

14.10 Wat is die funksie van die beletselteken in reël 23? (1)

14.11 Beskryf in jou eie woorde die slotstrofe as die hoogtepunt van die hanswors se verhaal. (1)

**[17½]**

**OF**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Kontak** **Theo de Jager**

Ek kon jou met 'n selfoon bel
om te sê dat ek jou baie mis,
maar die kaart was gekrap, die batterye pap
en die boodskap het in die niet verdamp.

Ek het vir jou 'n brief geskryf
en my hart se hoeke daarin uitgewas
maar my pen was krom, my vingers te dom
om die woorde in die koevert te pas.

Toe het ek maar 'n duif gestuur
sonder skrif of klank, en nou wag ek,
hoop ek en bid ek dat hy terug sal kom
met 'n takkie blare in sy bek.

[Uit: *Di-mensies*, 1998]

15.1 Kies die korrekte antwoord. Hierdie gedig is 'n (liefdes-/kinder-/protesgedig). (½)

15.2 Wat word strofes met vier reëls soos in hierdie gedig genoem? (1)

15.3 Die duif is in die gedig 'n simbool van 15.3.1 ... en 15.3.2 ... (2)

15.4 Voltooi die volgende paragraaf deur die korrekte antwoord te kies. Skryf net die vraagnommer (15.4.1 – 15.4.3) neer.

Daar is 15.4.1 (regressie/progressie) in die gedig, want die spreker begin met die 15.4.2 (oudste/modernste) manier waarop jy iemand kan kontak. Hy beweeg dan stadig, maar seker terug in tyd. Hy probeer daarna om 'n brief te skryf en 15.4.3 (eintlik/uiteindelik) gebruik hy die oudste boodskapper. (3)

15.5 Kies uit KOLOM B die antwoord wat die stelling in KOLOM A die beste beskryf. Skryf slegs die vraagnommer 15.5.1 – 15.5.3 en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 15.5.1 | duif | A | Die ink van die pen was klaar. |
| 15.5.2 | brief | B | Die simkaart beskadig. |
| 15.5.3 | selfoon | C | Met 'n takkie blaar. |
| | | D | My pen was krom en my hande dom. |

(3)

15.6 Wat verteenwoordig die "skrif" en "klank" in reël 10 onderskeidelik. (2)

15.7 Die spreker het sy "hart se hoeke" in die brief "uitgewas".

15.7.1 Watter tipe beeldspraak kom hier voor? (1)

15.7.2 Wat beteken dit as jy jou hart se hoeke uitwas? (1)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

15.8 Wat bedoel die digter met die woorde "my pen was krom"? (1)

15.9 Dink jy dat die spreker wel 'n brief geskryf het? Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (2)

15.10 Stem jy saam dat 'n mens altyd woorde nodig het om 'n boodskap oor te dra? Motiveer met 'n voorbeeld. (1)

**[17½]**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Kabouterliefde** **Ingrid Jonker**

*(Vir Simone)*

1 Die kabouter met die rooi-rooi pet
2 die kabouter met die geel hemp aan
3 het sy hart gisteraand vir my gegee
4 en sy hemp is vir die maan

5 Die hoepelronde blou-blou lug
6 het kadoemps op die grond geval
7 hy't dit blink-blou in sy hand gerol
8 toe speel ons daarmee bal

9 Die sterre met hul wit ligte
10 het geknipoog toe ons lag
11 hul't rondom ons in 'n kring getrek
12 soos 'n laer in die nag

13 Die aandblom het sy trom-trompet
14 geblaas in die warrelwindkring
15 die kalkoentjies met hul rooi mondjies
16 het die sprinkaanwals gesing

17 Die maan met sy geel lyfie
18 het gaan plat lê op sy rug
19 hy't gaan slaap by die gousblomme
20 met sy boepens in die lug

21 Die kabouter met die rooi-rooi hart
22 het dit self vir my gesê
23 hy't die aardbol oor sy kop gegooi
24 o dis hier waar die liefde lê

[Uit: *Rook en oker*, 1963]

16.1 Vir wie word hierdie gedig geskryf? (½)

16.2 Vir wie gebruik die digter om 'n sprokieswêreld te skep? (1)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


16.3 Wat is die funksie van die herhaling van die kleure, soos in "rooi-rooi"(reël 1) en "blou-blou" (reël 5)? (1)

16.4 Watter atmosfeer word in strofe 1 geskep? (1)

16.5 Waarom het die kabouter sy hemp vir die maan gegee? (1)

16.6 Kies die korrekte antwoord.

As jy sterre in jou oë het, is jy (kwaad/verlief). (1)

16.7 Die soort rympatroon wat gebruik word is:
(omarmde rym/kruisrym/gebroke rym). (1)

16.8 Kies uit KOLOM B die stylmiddel/beeldspraak wat by die voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (16.8.1 – 16.8.3) en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 16.8.1 | "soos 'n laer in die nag" | A | assonansie |
| 16.8.2 | blink-blou | B | vergelyking |
| 16.8.3 | "die aandblom het sy trom-trompet" | C | personifikasie |
| | | D | alliterasie |

(3)

16.9 Kies die korrekte antwoord.

Die kleur rooi in hierdie gedig is 'n simbool van (depressie/liefde). (1)

16.10 Wat is die figuurlike betekenis van reël 3? (1)

16.11 Waarom dink jy het die sterre rondom die spreker en kabouter 'n "laer" getrek? (2)

16.12 Waarom dink jy het die maan juis by die gousblomme gaan slaap? (2)

16.13 Wat dink jy beteken die slot van die gedig? (2)
**[17½]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresource.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com